# Skrede na Christus

**Bybelstudiereeks**



## Vreugde in die Here!

**15-16**

**(1) AS CHRISTENE, AAN WIE MOET ONS CHRISTUS SE GOEDHEID, GENADE, EN LIEFDE VERTEENWOORDIG?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

*Jesaja 12:4, 5*

**Verwante Tekse:** Jesaja 66:19; Johannes 17:18; 1 Kronieke 16:8; Psalm 9:11; 96:3; 105:1; 107:22

Die kinders van God word gevra om Christus se verteenwoordigers te wees, die goedheid en genade van die Here uit te leef. Soos wat Jesus die ware karakter van die Vader aan ons geopenbaar het, so moet ons Christus openbaar aan ‘n wêreld wat nie Sy tere, medelydende liefde ken nie.

**(2) WANNEER ONS CHRISTUS AANVAAR EN VOLG, WATTER ROL MOET ONS VERVUL?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

*2 Korinthiërs 3:2, 3*

**Verwante Tekse:** 1 Petrus 3:15; Handelinge 4:20; Romeine 1:8, 16; 17; 1 Thessalonicense 1:8

In elke een van Sy kinders, stuur Jesus ‘n brief na die wêreld. Indien u Christus se volgeling is, stuur Hy in u ‘n brief aan die gesin, die dorp, die straat, waar u woon. Jesus woon in u, verlang om tot die harte te spreek van diegene wat nie met Hom bekend is nie. Miskien lees hulle nie die Bybel nie, of hoor nie die stem wat tot hulle spreek deur die blaaie daarvan nie; hulle sien nie die liefde van God deur Sy werke nie. Maar indien u ‘n ware verteenwoordiger van Jesus is, mag dit wees dat deur u hulle gelei word om iets te verstaan van Sy goedheid en gewen word om Hom lief te hê en te dien.

**(3) WATTER TWEE KARAKTERTREKKE BEHOORT ONS LEWENS TE WEERKAATS, TERWYL ONS, IN CHRISTUS SE DIENS, LIG DRA NA DIE WÊRELD?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

*1 Timotheüs 6:6*

**Verwante Tekse:** Filippense 4:11; Psalm 34:5; 4:3; Galasiërs 5:22, 23; 1 Timotheüs 2:2; 4:8; 6:11; Spreuke 19:23; 30:8; Prediker 4:6

Christene word as ligdraers op die weg na die hemel geplaas. Hulle moet aan die wêreld die lig wat op hulle van Christus skyn, weerkaats. Hulle lewe en karakter behoort so te wees dat andere deur hulle ‘n regte konsep van Christus en van Sy diens sal kry.

Indien ons Christus verteenwoordig, sal ons Sy diens aantreklik laat voorkom, soos wat dit werklik is. Christene wat somberheid en hartseer in hulle siele opgaar, en murmureer en kla, gee aan andere ‘n valse voorstelling van God en die Christelike lewe. Hulle gee die indruk dat God nie bly is wanneer Sy kinders gelukkig is nie, en daardeur dra hulle valse getuienis teen ons hemelse Vader.

**(4) WAT IS DIE FUNDAMENTELE BEGINSEL WAT, INDIEN DIT IN ONS VERSTANDE VASGEVANG IS, ONGELOOF, NEERSLAGTIGHEID EN AANVAARDING VAN SATAN SE WANVOORSTELLINGS TEEN GOD, VERHINDER?**

Psalm 125:1 is preceded by blank answer lines.

*Psalm 125:1*

**Verwante Tekse:** Psalm 4:5; 64:10; 57:1; 40:4; 34:8; 141:8; Spreuke 29:25; 30:5; 3:5



Satan word verhoog wanneer hy die kinders van God kan lei tot ongeloof en moedeloosheid. Hy verheug hom daarin om te sien dat ons God wantrou, Sy gewilligheid en krag om ons te red, betwyfel. Hy hou daarvan om ons te laat voel dat die Here ons skade sal aandoen deur Sy voorsienighede. Dit is die werk van Satan om die Here voor te stel as om ‘n tekort te hê aan medelyde en deernis. Hy maak verkeerde bewerings van die waarheid rakende Hom. Hy vul die verbeelding met valse idees aangaande God; en in plaas van om op die waarheid met betrekkiing tot ons hemelse Vader te konsentreer, vestig ons te dikwels ons verstande op die wanvoorstellings van Satan en doen God oneer aan deur Hom nie te vertrou nie en teenoor Hom te kla. Satan soek altyd om die godsdienstige lewe een van somberheid te maak. Hy verlang om dit te laat lyk as afmattend en moeilik; en wanneer die Christen in sy eie lewe hierdie siening van godsdiens handhaaf, deur sy ongeloof, sekondeer hy die valsheid van Satan.

**(5) NET SOOS PAULUS, WAT BEHOORT ONS REAKSIE TE WEES WANNEER ONS MOEILIKHEDE LANGS DIE PAD VAN DIE LEWE ERVAAR?**

*2 Korinthiërs 12:9, 10*

**Verwante Tekse:** 2 Korinthiërs 3:5; Josua 1:9; Jesaja 43:2-5; Jeremia 1:6-9; 1 Korinthiërs 10:13; 15:10

Baie wat langs die pad van die lewe wandel, konsentreer op hulle foute en mislukkings en teleurstellings, en hulle harte is gevul met hartseer en mismoedigheid. Terwyl ek in Europa was, het ‘n suster wat dit gedoen het, en wat in diepe teneergedruktheid was, aan my geskryf en gevra vir woorde van bemoediging. Die nag na ek haar brief gelees het, het ek gedroom dat ek in ‘n tuin was, en een wat soos die eienaar van die tuin gelyk het, het my langs die paadjies gelei. Ek het die blomme bymekaar gemaak en hulle geur geniet, toe hierdie suster, wat langs my gestap het, my aandag gevestig het op sommige onaansienlike dorings wat haar weg belemmer het. Daar was sy hartseer en beklaenswaardig. Sy het nie op die paadjie gestap en die gids gevolg nie, maar het tussen die dorings en distels gestap.

"O," het sy gekla, "is dit nie jammer dat hierdie pragtige tuin so bederf word met dorings nie?" Toe het die gids gesê, "Laat die dorings alleen, want hulle sal jou wond. Maak die rose bymekaar, die lelies, en die pienkes."

Was daar nie enige helder kolle in u ervaring nie? Het u nie sommige pragtige seisoene gehad toe u hart geklop het met vreugde in reaksie op die Gees van God nie? Wanneer u in die hoofstukke van u lewenservaring terugkyk, vind u nie sommige aangename baldsye nie? Groei God se beloftes nie, soos die geur van blomme, langs u pad aan elke kant nie? Sal u nie toelaat dat hulle prag en soetheid u hart met vreugde vul nie?

Die dorings en distels sal u slegs wond en hartseer maak; en indien u slegs hierdie dinge bymekaarmaak, en hulle aan andere bied, verhinder u nie, behalwe om die goedheid van God vir uself te versaak, diegene rondom u om in die pad van die lewe te wandel nie?

Dit is nie wys om al die onaangename herinneringe van 'n lewe in die verlede bymekaar te maak nie, - die ongeregtighed en teleurstellings, - om oor hulle te praat en te kla totdat ons oorweldig is met mismoedigheid nie. 'n Mismoedige siel is gevul met duisternis, en sluit die lig van God van sy eie siel uit en werp 'n skaduwee op die pad van andere.

**(6) WANNEER 'N ONWAARDIGE SONDAAR DIE PRENTJIE VAN VERLOSSING VERSTAAN, WAT SAL SY GETUIENIS WEES?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Jesaja 12:4*

**Verwante Tekse:** Jesaja 12:5; Psalm 106:47, 48; 113:1-3; 117:1, 2; 105:1; 1 Kronieke 16:8-11

Dank God vir die helder prente wat Hy aan ons bied. Laat ons die geseënde versekerings van Sy liefde saamvoeg, sodat ons gedurig daarna kan kyk. Die Seun van God wat Sy Vader se troon verlaat, geklee in goddelikheid met menslikheid, dat Hy die mens kan red van die krag van Satan; Sy oorwinning namens ons, wat die hemel vir die mens oopmaak, vir die menslike visie die teenwoordige binnekamer openbaar waar die Drie-Eenheid Sy heerlikheid ontbloot; die gevalle ras opgelig van die put van verderf waarin sonde hulle laat val het, en weer in konneksie met die oneindige God bring, en wat die goddelike toets deurstaan het deur geloof in ons Verlosser, geklee in die geregtigheid van Christus, en verhoog tot Sy troon – hierdie is die prentjies wat God wil hê waaroor ons moet nadink.

**(7) HOE HET GOD BO ENIGE TWYFEL SY LIEFDE VIR ONS BEWYS?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Romeine 8:32*

**Verwante Tekse:** Romeine 5:6-11; Johannes 3:16; 2 Korinthiërs 5:21; 1 Johannes 4:10

Wanneer dit lyk asof ons God se liefde betwyfel en Sy beloftes nie vertrou nie, doen ons Hom oneer aan en bedroef Sy Heilige Gees. Hoe sou 'n moeder gevoel het indien haar kinders gedurig kla oor haar, net soos asof sy nie hulle welstand in gedagte het nie, wanneer haar hele lewe se poging was om hulle belangstellings te bevorder en hulle gemak te gee? Veronderstel hulle sou twyfel aan haar liefde; dit sou haar hart breek. Hoe sou enige ouer voel om so deur sy kinders behandel te word? En hoe kan ons hemelse Vader ons ag wanneer ons Sy liefde wantrou, wat Hom gelei het om Sy eniggebore Seun te gee sodat ons lewe kan hê? Die apostel skryf, "Hy wat Sy enigste Seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgegee het vir ons almal, hoe sal Hy nie met Hom ook vrylik vir ons alle dinge gee nie?" En tog, hoe baie, deur hulle dade, indien nie deur woorde nie, sê, "Die Here bedoel nie dit vir my nie. Miskien het Hy andere lief, maar Hy het my nie lief nie."

**(8) WAAROM MOET ONS NIE KONSENTREER OP GEDAGTES VAN TWYFEL OF TWYFEL MET ANDERE DEEL RAKEND ENIGE GEESTELIKE SAKE NIE?**

____________________________________________________________________________

*Romeine 14:7, 13*

____________________________________________________________________________

*1 Korinthiërs 8:9, 12*

**Verwante Tekse:** Lukas 12:29; Mattheüs 12:36; Levitikus 19:14; Mattheüs 16:23; Hebreërs 11:6; Romeine 14:23; 1 Timotheüs 2:8

Al hierdie is skadelik vir u eie siel; want elke woord van twyfel wat u uiter, nooi Satan se versoekings uit; dit versterk in u die neiging om te twyfel, dit weerhou u van die dienende engele. Wanneer Satan u versoek, moenie 'n woord van twyfel of duisternis spreek nie. Indien u kies om die deur oop te maak vir sy voorstelle, sal u verstand gevul word met wantroue en rebelse vrae. Indien u u gevoelens hardop uitspreek, elke twyfel wat u uitdruk sal nie slegs op uself reageer nie, maar is 'n saad wat sal ontkiem en die vrugte in die lewens van andere sal dra, en dit kan onmoontlik wees om die invloed van u woorde teen te werk. U self mag in staat wees om te herstel van die tyd van versoeking en van die strik van Satan, maar andere wat deur u invloed geswaai was, mag nie in staat wees om te ontsnap van die ongeloof wat u voorgestel het nie. Hoe belangrik dat ons slegs daardie dinge praat wat geestelike krag en lewe sal gee!

**(9) WAT BEHOORT ONS GESPREKKE TE BEVAT WAT DIE VERLOSSING VAN GOD SAL OPENBAAR**

____________________________________________________________________________

*Psalm 50:23*

**Verwante Tekse:** Psalm 50:14; 86:12; 34:1; 104:44; 1 Petrus 2:9

Engele luister om te hoor watter soort verslag u aan die wêreld oordra oor u hemelse Meester. Laat u gesprek wees van Hom wat leef om vir u voor die Vader in te tree. Wanneer u die hand van 'n vriend neem, laat lof vir God op u lippe en in u hart wees. Dit sal sy gedates na Jesus toe aantrek.

**(10) WATTER RAAD GEE DIE BYBEL VIR ONS RAKENDE TWYFEL EN MISMOEDIGHEID?**

____________________________________________________________________________

*Filippense 2:14*

**Verwante Tekse:** Romeine 12:8; 14:1; 2 Korinthiërs 12:19, 20; Efesiërs 4:31; 1 Timotheüs 6:4-6

Almal het probleme; hartseer wat moeilik is om te dra, versoekings wat moeilik is om te weerstaan. Moenie u moeilikhede vir u medemense vertel nie, maar dra alles in gebed aan God op. Maak dit ‘n reël om nooit enige woord van twyfel of mismoedigheid te uiter nie. U kan baie doen om die lewe van andere op te helder en hulle pogings te versterk, deur woorde van hoop en heilige vrolikheid.

Daar is baie dapper siele wat hard gedruk word deur versoeking, byna gereed om flou te raak in die stryd met self en met die magte van die bose. Moenie sodanige persoon mismoedig maak in sy harde stryd nie. Vrolik hom op met dapper, hoopvolle woorde wat hom op sy pad sal aanspoor. So sal die lig van Christus uit u skyn. “Niemand van ons leef vir homself nie.” Romeine 14:7. Deur ons onbewuste invloed kan andere aangemoedig en versterk word, of hulle mag mismoedig raak, en afgestoot word van Christus en die waarheid.

**(11) IN WIE SE TEENWOODIGHEID WORD DIE VOLHEID VAN VREUGDE EN PLESIER GEVIND?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Psalm 16:8, 11*

**Verwante Tekse:** Handelinge 2:28; Judas 24; Psalm 36:8; 4:6, 7; 17:15; 21:6; 42:5

Daar is baie wat ‘n verkeerde idee het oor die lewe en karakter van Christus. Hulle dink dat Hy ontneem was van warmte en sonnigheid, dat Hy streng, ernstig en sonder vreugde was. In baie gevalle word die hele godsdienstige ervaring gekleur deur hierdie somber sienings.

Daar word dikwels gesê dat Jesus geween het, maar Hy was nooit daarvoor bekend om te glimlag nie. Ons Verlosser was inderdaad ‘n Man van Smarte, en bekend met droefheid, want Hy het Sy hart oopgemaak vir al die ellende van die mens. Maar alhoewel Sy lewe selfopofferend was en oorskadu met pyn en sorg, was Sy gees nie verbrysel nie. Sy gelaat het nie ‘n uitdrukking van hartseer of ontevredenheid gedra nie, maar was altyd een van vredevolle kalmte. Sy hart was ‘n fontein van lewe, en waar Hy ookal gegaan het het Hy rus en vrede, vreugde en blydskap saamgedra.

Ons Heiland was baie ernstig en intens in erns, maar nooit somber of swartgallig nie. Die lewe van diegene wat Hom naboots, sal vol ernstige doel wees; hulle sal ‘n diep gevoel hê van persoonlike verantwoordelikheid. Onstandvastigheid sal onderdruk wees; daar sal geen uitbundige plesier wees nie; geen rowwe grappe nie; maar die godsdiens van Jesus gee vrede soos ‘n rivier. Dit onderdruk nie die lig van vreugde nie; dit weerhou nie opwinding nie en verduister nie die sonnige, glimlaggend gesig van Christus wat gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien; en wanneer Sy liefde in ons harte heers, sal ons Sy voorbeeld volg.

*Dankie God my Vader vir die openbaring van U liefde aan my ver meer as ‘n skaduwee van twyfel in die gawe van u Seun vir my verlossing. Ek kies om in Jesus te bly sodat ek die volheid van Vreugde ‘n plesier kan ervaar wat Hy verlang om aan my te gee.*

**Omsirkel Asseblief:** **Ja** **Besluiteloos**

*Ek aanvaar die eer om die naam “Christen” te dra en kies om die vreugde, vrede, en geluk wat kom deur in Hom te bly, aan andere te openbaar.*

**Omsirkel Asseblief:** **Ja** **Besluiteloos**

*Ek kies om die Here te vertrou, omdat ek besef dat om Hom te vertrou my enigste bron van beskerming teen Satan se leuens en ongeloof is.*

**Omsirkel Asseblief: Ja Besluiteloos**

*Dit is my doel om diegene rondom my op te hef en aan te moedig sodat hulle nie in mismoedigheid en ongeloof sal verval nie.*

**Omsirkel Asseblief: Ja Besluiteloos**

Maak asseblief fotostate of laai dit af van ons webtuiste en deel met andere!

Hierdie reeks mag nie verander of verkoop word sonder die geskrewe toestemming van die Uitgewer nie en hierdie kopiereg kennisgewing moet op elke opvolgende afskrif bly.

Bible study format (C) Merlin Beerman – www.RevelationPublications.com

Inhoud Aangepas uit ***Skrede na Christus*** deur E.G. White. Enige uitlatings uit die oorspronklike inhoud was gedoen om oortollilgheid met die antwoorde te voorkom.
Illustrations (C) Goodsalt – www.goodsalt.com

**Gedruk in die V.S.A. deur Light Bearers Ministry – www.lbm.org**